Hoe om krale in Voortrekkerwerk te gebruik

Graad 4 tot 12

Kralewerk is deesdae baie in die mode. Gebruik dit as aktiwiteit om die kleurkodes in te oefen.

Onderwerp: Kleurstelsel van Die Voortrekkers, Handwerk- of Handvaardigheid-kentekens

Stappe

1. Verduidelik hoe die kleurkodes van Die Voortrekkers werk (diagram op bladsy 2).
2. Vra vrae: **<u>Wat sal 'n persoon dra wat ?? lank in Die Voortrekkers is?</u>**

   - 23 jaar - Rooi voorjuk en blou skei
   - 12 jaar - Groen voorjuk en groen skei
   - 34 jaar - Goue voorjuk en rooi skei
   - 2 jaar - Groen skei
   - 8 jaar - Oranje voorjuk en blou skei

   <u>Watter kleur rang sal die volgende persone dra?</u>

   - Oordleier — Rooi
   - Adjunkkommandoleier — Blou
   - Hoofleier — Goud
   - Veldkornet — Groen
   - Adjunkoordleier — Rooi
   - Gebiedsleier — Silwer

3. Jy benodig rygdraad wat rekbaar is, krale en 'n skêr.
4. Sny die rygdraad dat dit om jou arm pas plus 10 cm.
5. Maak 'n knoop aan die een kant.
6. Ryg die krale volgens die kleurkodes in, m.a.w. oranje, groen, blou, rooi, silwer en goud totdat dit om jou arm pas.
7. Knoop die rygdraad vas.
8. Sny oorbodige rygdraad af.
9. Jy kan ook 'n ringetjie aan die een kant en 'n hakkie aan die ander kant vasmaak (Boonste figuur). Jy hoef dan nie rekbare rygdraad te gebruik nie.

	Oranje	Groen	Blou	Rooi	Silwer	Goud
Penkoppe en Drawwertjies	Graadwiel 1	Graadwiel 2	Graadwiel 3	Graadwiel 4	Graadwiel 5	Graadwiel 6
Skei	1 jaar	2 jaar	3 jaar	4 jaar		
Voorjuk	5 jaar	10 jaar	15 jaar	20 jaar	25 jaar	30 jaar
Range **Volwasse lede**		Veldkornet	Kommando en Staatmakers	Oord- dagbestuur	Gebieds- dagbestuur	Hoofdag- bestuur

Wenke

1. Jy kan ook die drie Voortrekkerkleure, rooi, blou en wit kies om ’n Voortrekker-armband te maak.
2. Hierdie aktiwiteit is geskik vir kinders ouer as 9.
3. Daar is ’n uitdeelstuk beskikbaar waarin die kleurkodes duidelik uiteengesit word (Hulpmiddels – Kleurkodering).
4. Alternatiewelik kan ’n sleutelhouertjie gemaak word.

Waarskuwings

1. Maak die knoop styf vas sodat die rygdraad nie breek nie.